



DIE STRANDLOPERS 9

Hierdie is die negende verslag vanjaar.

Politiek

- Een van die langs oorlewende presidente ter wêreld, die edelagbare President Robert Mugabe van Zimbabwe, was die afgelope tyd erg geskok dat die RSA so vinnig en glad van sy president ontslae kon raak. Gegewe sy uithouvermoë is ek seker dat hy hierdie skok ook maklik te bowe sal kom en steeds sal toesig hou oor die verdere ineenstorting van sy land se ekonomie in komende maande en jare. Tans lyk dit nie asof die getekende Zimbabwe ooreenkoms kans het om veel verder te vorder as die papier waarop dit geteken is nie.
- Die verandering van die plaaslike politieke toneel wat in Desember in Polekwane begin is, het die afgelope weke 'n klimaks bereik met die herroeping van die president – na hoër dienste? – asook die verdwyning van 'n hele aantal belangrike rolspelers en die vervanging van hulle met ander persone. Hierdie proses is sekerlik nie klaar nie en kan nog in die volgende jaar voortduur. Indien die oorgangsproses so glad verloop soos die afgelope tyd, behoort dit min impak in die korttermyn op die finansiële markte en die ekonomie te hê. Die langer termyn politieke en ekonomiese veranderings sal egter fyn dopgehou moet word.
- Die toestand in Pakistan wek kommer en aanduidings is dat die onrustigheid in die grensgebied met Afghanistan sal voortduur.
- Die Irakse situasie het wel sodanig verbeter dat die VSA kans sien om van sy troepe na die verslegtende situasie in Afghanistan te verskuif.
- Iran slaag steeds daarin om die nywerheidslande te frustreer met sy behoefte aan kernkrag.
- Die Somaliese seerowers vaar steeds op die kruin van die golwe.
- Die jongste aanduidings is dat die Withuis na die presidentsverkiesing in November nie meer so wit sal wees nie.

Internasionaal

- Die internasionale finansiële wêreld was die afgelope tyd meer deurmekaar as die plaaslike politiek. Die kredietkrisis het verder verdiep en het tot gevolg gehad dat

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
 Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
 Posbus 72260 Parkview 2122 Tel: +27 (0)11 726 7700
 Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
 Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV

menige groot finansiële instelling in die stof gebyt het. Die graderingsagentskappe se oordeel kom ook onder verdenking nadat Lehman Brothers wat 158 jaar bestaan het op 'n Vrydag nog 'n A gradering kry en die volgende Maandag bankrot is met die verlies van sowat 25,000 werkgeleenthede. Die finansiële toneel in die VSA en ander nywerheidslande is besig om onherroeplik te verander. Die maatskappye wat tans oorleef, sal in die volgende opswaai minder mededinging hê!

- Groot hoeveelhede likiditeit word steeds deur die sentrale banke in die finansiële stelsel ingepomp. Dit het egter so te sê geen impak op markrentekoerse nie omdat wantroue in die finansiële sektor tot so 'n mate verdiep het dat maatskappye binne die stelsel steeds nie geld aan mekaar wil leen nie. Die wantroue het ook by beleggers toegeneem en lei van tyd tot tyd tot paniekonttrekkings van deposito's en tot bankrotskappe. Uiteindelik poog die VSA owerhede om deur die beskikbaarstelling van \$700 miljard die finansiële stelsel weer aan die gang te kry. Intussen het die likiditeit in die wêreld finansiële stelsel totaal opgedroog of gevries – selfs tot so 'n mate dat banke in Ysland deur regeringsoptrede en lenings van Rusland gered moet word!
- Die feit dat likiditeit in die wêreld opgedroog het, bring tans mee dat ekonomiese aktiwiteite in die algemeen verswak en dat die vrese vir 'n wêreldwye resessie al hoe meer toeneem. Voorspellings vir ekonomiese groei word tans in al die groot nywerheidslande vir die res van die jaar en vir 2009 afwaarts aangepas. Negatiewe groei word in die res van die jaar in die meeste lande verwag.
- Dit het tot gevolg dat kommoditeitspryse in die afgelope tyd ook aansienlik gedaal het. Tesame met die algemene verswakking van ekonomiese groei en stygende werkloosheid kan inflasie dus van die huidige onaanvaarbare hoë vlakke in komende maande tot meer aanvaarbare vlakke daal.
- Dit dui daarop dat sentrale banke al hoe meer sal fokus op die hantering van die verwagte resessie en sal toelaat dat inflasie 'n mindere rol in besluite oor rentekoerse sal speel. Daarom was daar op 8 Oktober gekoördineerde optrede deur die sentrale banke van die VSA, VK, Euroland, Kanada, Switserland, Swede en China om rentekoerse te verlaag. In die VK en Euroland is die verwagting dat korttermynrentekoerse voor die einde van die jaar verder sal daal. Japanse koerse sal tot in die eerste helfte van 2009 op die huidige vlakke bly. Verdere verlaging van Chinese rentekoerse kan verwag word weens die verlangsamings van ekonomiese groei.

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122
Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV

- Langtermynrentekoerse het die afgelope tyd gedaal weens die instroming van kapitaal wat veiligheid soek in hierdie instrumente – veral staatseffekte. Die aanduiding is dat hierdie tendens tot minstens die einde van die jaar sal voortduur – veral indien tekens van laer inflasiekoerse waargeneem word.
- Die goudprys het onlangs sterk gestyg weens die onsekerheid wat in die internasionale finansiële stelsel aanwesig is, dat meer finansiële instellings kan ondergaan en deposito's dus op risiko kan wees. Terselfdertyd is daar tans die bekommernis dat die huidige toename van likiditeit weens die optrede van die sentrale banke, mettertyd tot stygende inflasie sal lei – dit klink tans vir my na 'n baie lang “mettertyd”. Die groter resessie risiko in die korttermyn, kan die goudprys egter weer laat verswak.
- Die olieprys het die afgelope tyd ook gedaal – tot selfs onder \$90/vat. Dis weens die gebrek aan likiditeit wat spekulasie demp, die verswakking van ekonomiese groei en dus die vraag na energie in al die groot nywerheidslande asook in China en Indië.

Plaaslik

- Die plaaslike ekonomiese prentjie lyk steeds aansienlik anders as in die res van die wêreld – selfs al word aanvaar dat ons ook deur die kredietkrisis geraak sal word. Die privaat verbruiker word steeds geraak deur die hoë voedsel- en energiepryse, asook die relatief hoë rentekoerse wat 'n impak het weens die baie hoë skuldvlakke wat aanwesig is. Daarteenoor word die plaaslike ekonomie gestimuleer deur die bestedingsprogramme van die openbare sektor wat op dreef kom. Groei van meer as 3% word dus steeds in 2008 en 2009 verwag. Dit dui daarop dat die wanbalanse wat tussen vraag en aanbod bestaan, steeds nie reggestel sal word nie.
- Hierdie wanbalans sal in die eerste plek weerspieël word in die voortgesette tekort op die handelsrekening van die betalingsbalans. Die verwagte stygende tekort op die diensterekening van die betalingsbalans, tesame met die handelsrekeningtekort sal meebring dat die tekort op die lopenderekening van die betalingsbalans in 2008 en 2009 steeds sal toeneem. Die risiko ten opsigte van die finansiering van die tekorte op die betalingsbalans sal steeds deur die Reserwebank in ag geneem moet word by die bepaling van die rentekoersbeleid.
- Tweedens bly inflasie op onaanvaarbare vlakke. 'n Redelik algemene verwagting is dat inflasie vroeg volgende jaar baie vinnig sal daal en reeds teen die middel van 2009 die

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122
Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV

vlak van 6% of minder sal haal. Hierdie verwagting word gebaseer op die nuwe inflasie-meting wat begin 2009 in gebruik geneem sal word en die algemene verswakking van landbou- en ander kommoditeitspryse. Hierteenoor is die aanduiding dat salarisse en lone steeds teen meer as 10% aangepas sal word, elektrisiteitstariewe teen meer as 20% aangepas sal word, dat die rand se huidige verswakking kan voortduur – dalk nie teen dieselfde tempo nie – en ingevoerde pryse teen meer as 6% sal styg, dat die vraag in die ekonomie steeds sterk sal bly weens die besteding deur die openbare sektor, dat daar 'n voortgesette tekort aan kundiges sal wees en dat administratiewe pryse steeds teen 'n tempo van meer as 6% aangepas sal word. Ek sal wel verbaas wees indien die inflasiekoers voor die einde van 2009 die 6% mikpunt sal haal.

- Die sentrale regering se begroting bly steeds goed onder beheer, maar die nuwe regering se beleidsbesluite mag dit wel mettertyd verander. Indien daar verwag word dat die regering 'n groter rol in die ekonomie moet speel kan dit wel veroorsaak dat fiskale dissipline afgewater word. Hierdie situasie kan ook 'n negatiewe impak op die begrotings van provinsiale owerhede hê. Die probleme van die plaaslike owerhede is in elk geval van so 'n omvang dat daar in die volgende paar jaar steeds na oplossings gesoek sal word.
- Die aanduiding is dat die tekort aan kundiges in komende jare sal voortduur. Tans is daar geen aanduiding dat die opleiding- en onderwysinstansies daarin sal slaag om in die afsienbare toekoms die kundiges te lewer wat die ekonomie benodig nie. Intussen kan daar wel verwag word dat die probleme rondom die Vigs-pandemie op 'n ander wyse aandag sal kry nadat die gewese minister van gesondheid na ander “groentetuine” verplaas is.
- Die verwagting is dat korttermynrentekoerse op huidige vlakke sal bly tot minstens die tweede kwartaal van 2009. Heelwat voorspellings verwag dat hierdie koerse reeds teen April volgende jaar verlaag kan word. Volgens my eie siening sal dit steeds te gou wees gegewe my bekommernis rondom inflasie en die betalingsbalanstekorte weens die voortgesette wanbalanse tussen vraag en aanbod in die plaaslike ekonomie. Ek sou dus meer gerus wees indien hierdie rentekoerse vir die grootste gedeelte van 2009 stabiel bly.

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122
Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV

- Langtermynrentekoerse het die afgelope tyd ook die verwagte afname in inflasie en korttermynrentekoerse weerspieël. Inflasie wat op hoër as verwagte vlakke kan bly, enige verdere verswakking van die rand asook die groot finansieringsbehoefte van die openbare sektor in komende jare, behoort hierdie koerse te weerhou van noemenswaardige dalings.
- Die rand het die afgelope tyd aansienlik teenoor die algemeen sterker dollar verswak, maar redelik stabiel gebly teenoor ander geldeenhede. Die hoë inflasiekoers, vergeleke met ons groot handelsvennote en –mededingers, asook die verwagte voortgesette groot tekort op die lopenderekening van die betalingsbalans, dui daarop dat die rand mettertyd verder sal verswak.

Beleggingsomgewing

- Die afgelope paar weke se gebeure in die finansiële wêreld het meegebring dat aktiwiteite veral deur agterdog, paniek en vrees gedryf word. Beleggers is dus op soek na veilige beleggings wat tans veral in VSA en ander groot nywerheidslande se staatseffekte gevind word. Goud vervul ook hierdie rol van tyd tot tyd. In die algemeen het kommoditeite ook hul glans verloor weens die verwagte resessie wat wêreldgroeï en dus die vraag na kommoditeite sal benadeel.
- In die lig van die verwagte swakker internasionale ekonomiese groei, sal maatskappywinste en dus aandeelbeurse in die algemeen benadeel word. Dit kan minstens die volgende ses maande steeds die geval wees.
- Onstabiliteit in die wêreld finansiële markte sal minstens tot die einde van die jaar met ons wees.
- Die plaaslike ekonomie toon steeds gesonde groei, maar sektore soos die private huismark, motorverkope en spesifieke sektore van die kleinhandel ervaar tans swakker of selfs negatiewe groei. Ander sektore wat gekoppel is aan die infrastruktuurontwikkeling deur die openbare sektor toon steeds sterk groei. Die grootste uitdaging van menige maatskappy sal wees om in komende maande stygende kostes onder beheer te hou en sodoende winste te beskerm.
- Die algemene sentimente is dat korttermynrentekoerse stabiel sal wees en teen die tweede kwartaal van 2009 sal daal. Hierdie sentimente beïnvloed ook die langtermynrentekoerse. (My persoonlike siening is dat die wanbalanse in die plaaslike

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122
Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV

ekonomie bly voortbestaan en dat rentekoerse nie voor die einde van 2009 behoort te daal nie. Ek is ook steeds onrustig oor die groot finansieringsbehoefte van die openbare sektor in die volgende minstens vyf jaar en verwag dat dit langtermynrentekoerse sal verhinder om noemenswaardig te daal.)

- Die plaaslike aandelebeurs sal deur die onrustigheid van die internasionale markte beïnvloed word en sal waarskynlik in die res van die jaar onstabiel vertoon.
- Gegewe die inflasiediffrensiaal tussen die RSA en sy internasionale mededingers en handelsvennote, asook die groot tekort op die internasionale handel, verwag ek dat die rand mettertyd verder sal verswak teenoor die ander belangrike geldeenhede. Daarom sou dit raadsaam wees om risiko's internasionaal te versprei.

Ulrich Joubert

8 Oktober 2008

sjoewat 'n maand!

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122
Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV